

24 Februarie

Skrifgedeelte: Rut 4:1-12

Fokusgedeelte: Rut 4:9-10

Gebed is aanmeld vir diens

In Rut 2:12 sê Boas vir Rut: *“Mag jy ’n welverdiende beloning ontvang van die Here die God van Israel onder wie se vleuels jy kom skuil het.”* In Rut 3:9 vra Rut vir Boas (1933/53 Afrikaanse Vertaling): *“... brei dan u vleuel oor u dienares uit, want u is die lossier.”* Rut gebruik dieselfde woord om die beskerming te beskryf wat sy van Boas vra, as die woord wat Boas vroeër gebruik het om die beskerming van die Here oor Rut uit te druk: *onder vleuel (vlerk) neem.*

God versorg sy kinders. God is almagtig en kan met wonderwerke hierdie versorging doen. Tog is dit nie die normale manier van werking nie. God werk meestal deur middel van mense. Boas moes alreeds in hoofstuk 2 iets hiervan aangevoel het, want saam met sy seënbede begin hy om in die onmiddellike fisiese behoefte van Rut te voldoen deur haar toe te laat om are op sy land op te tel.

In hoofstuk 3 vra Rut vir Boas op besonderlike wyse om haar onder sy vlerk te neem as lossier. Lossierskap het groot opofferings van ’n lossier gevra. Daarom dat die eerste lossier nie wou los nie. Tog stem Boas in om lossier te wees. Boas moes tot die besef gekom het dat God hom gebruik om die seënbede wat hy vir Rut gebied het, te realiseer. Deur Rut onder sy vlerk te neem (al sou dit opoffering van hom vra), was dit eintlik die Here wat hulle onder sy vlerk geneem het. Hy, Boas, was maar net die instrument wat die Here gebruik het. Christus was ons lossier. As verlostes is ons vandag die liggaam van Christus hier op aarde. Ons is sy oë en ore, sy hande en voete. Wanneer ons bid, dan meld ons vir diens aan, dit vra opoffering. Ons bid vir die Here se sorg oor ander, maar word terselfdertyd opgewek om God se instrumente te wees om daardie sorg te bied.

Moet daarom nie net vir ander bid nie. Wees ook God se instrument om dit wat jy bid, te help realiseer.

Sing: Psalm 68:9 (1936)

Dr JA Erasmus (Odendaalsrus)